higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE ADMINISTRASIE N6

30 NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	Waar		
	1.1.2	Onwaar		
	1.1.3	Onwaar		
	1.1.4	Waar		
	1.1.5	Waar		
	1.1.6	Waar		
	1.1.7	Onwaar		
			(7 × 2)	(14)
1.2	1.2.1	D		
	1.2.2	F		
	1.2.3	G		
	1.2.4	H		
	1.2.5	A		
	1.2.6	C		
	1.2.7	E		
			(7 × 2)	(14)
1.3	1.3.1	President		
	1.3.2	Des van Rooyen		
	1.3.3	Personeelvoorsiening		
	1.3.4	Openbare bestuurders		
	1.3.5	Mannekragkommissie		
	1.3.6	Burgemeester		
			(6 × 2)	(12)
				[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Faith Muthambi/Minister van Kommunikasie (2)

2.1.2 Parlement of enige vergadering van die parlement (2)

2.1.3
- Skriftelike verslae – mees algemeen. Bied bewyse van wat plaasgevind het. Moedig amptenare aan om versigtig en presies te werk.
- Persoonlike inspeksie – vind plaas in die werklike werksomgewing.
- Ouditering – word gedoen nadat transaksies plaasgevind het. Word gedoen om verkeerde transaksies te voorkom.
- Statistiese opgawes – word naas finansiële ouditering gebruik.
- Hou van daaglikse lêers – om te bepaal of template, briewe, korrespondensie voldoen aan departementele vereistes.

(Enige 4 × 2) (8)

2.1.4
- Hulle doen verslag oor openbare menings en is 'n verbinding tussen burgers en die staat.
- Openbare beleide en openbare menings kom wydverspreid voor in die media.
- Hulle hou politieke en uitvoerende instellings aanspreeklik deur forums vir debat te bied.
- Mediaverslae moet akkuraat en op feite en kennis gegrond wees. (4 × 2) (8)

2.2 Plaaslike en sentrale regerings moet 'n oop, samewerkende verhouding handhaaf
- Die sentrale regering kan die kapasiteit van die plaaslike regering versterk en opbou.
- Die kabinet besluit wanneer funksies van 'n nasionale vlak na die plaaslike regering gedelegeer word.
- Parlement keur baie wette goed wat munisipaliteite beïnvloed.
- Munisipaliteite word outonoom bedryf.
- Die wetgewende gesag is gesetel in die parlement, wat alle regerings-aangeleenthede beheer.
- Munisipaliteite werk baie nou saam met die sentrale regering omdat hulle op dieselfde terrein werk. (10)

Kopiereg voorbehou

2.3
- Vermy te veel verskillende werksprosedures
- Sorg dat amptenare daarop gefokus is om die doelwitte van die organisasie te bereik
- Sorg dat werksopdragte duidelik is en maklik om te verstaan
- Sorg vir effektiewe en doeltreffende werksprestasie
- Verduidelik beleidsoogmerke aan werknemers
- Sorg vir eenvormige en geïntegreerde optrede waar meer as een instelling betrokke is
- Maak werknemers op 'n ordelike wyse bewus van nuwe werksprosedures
- Sorg daarvoor dat kodering en opleidingshandboeke duidelik uiteengesit is
- Sorg daarvoor dat werksprosedures ondersoek en hersien word
- Sorg dat spesifieke instrumente verskaf word met betrekking tot hoe om gesag te delegeer
- Sorg dat die publiek ingelig word oor hoe om diens ten beste te gebruik

(Enige 5 × 2) (10)
[40]

VRAAG 3

3.1 3.1.1
- Korttermynrekords
- Word vir kort tydperke gehou en kan weggegooi word
- Voorbeelde is fakture of kwitansies (4)

3.1.2
- Openbare instellings moet beskik oor die toepaslike infrastruktuur, soos geboue met toerusting
- Die Departement van Openbare Werke is verantwoordelik vir die konstruksie van geboue
- Infrastruktuur behels die besteding van baie geld
- Amptenare moet goed opgelei en bevoeg wees om hul funksies uit te oefen (6)

3.2
- Meubels en toerusting moet met die mins moontlike moeite en koste aangeskaf word.
- Instellings is verantwoordelik vir die verskaffing van gepaste meubels en toerusting.
- Dit moet beskerm word teen beskadiging.
- Werksprosedures moet deur die instellings ingestel word.
- Elke amptenaar moet weet hoe om vir meubels en toerusting te sorg en dit te gebruik.
- Toepaslike opleiding is nodig vir die aankoop van meubels en toerusting.

(Enige 4 × 2) (8)

3.3
- Om verspilling van tyd en man-ure te voorkom
- Om vinniger en meer doeltreffende werksvloei te verseker
- Om produktiwiteit te verhoog (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

3.4
- Behoeftes van mense – die ekonomie en behoeftes van mense verander gedurig en die openbare owerhede moet dus beleide, werkprosedures en metodes verander om met die veranderinge in die gemeenskap tred te hou.
- Tegnologiese vordering – voorbeelde is rekenaars en selfone. Nuwe prosedures moet bedink word om te leer hoe om met die nuwe sagteware- en hardeware-rekenaarstelsels te werk.
- Wetenskaplike vordering – openbare instellings neem gegradueerdes met 'n hoër opvoedkundige agtergrond in diens. Nuwe werksterreine benodig 'n groter getal professionele en tegniese werknemers.
- Die ontwikkeling van administratiewe en bestuurswetenskappe – die toesighouers wat administratiewe en bestuursfunksies uitoefen moet opgelei en ontwikkel word. Openbare instellings neem tans werkstudiebeamptes in diens.
- Die voorkoming van teenstrydighede, afwykings en verouderde metodes – aanpassings moet op terreine wat soortgelyk is gedoen word om duplisering en die oorvleueling van aktiwiteite te verhoed. (5 × 2) (10)

3.5
- Elke staat moet 'n weermag in stand hou om die bevolking te beskerm.
- Die weermag moet homself gereed hou om sy funksie deur middel van opleiding uit te oefen.
- Die weermag bestaan uit die leer, die lugmag en die vloot.
- Personeel moet toepaslik opgelei word.
- Ander beskermingsdienste is die brandweer, omgewingsbewaring, voorkoming van lug- en waterbesoedeling. (Enige 3 × 2) (6)

[40]

VRAAG 4

4.1
- Bepaal en omskryf doelwitte en beleide
- Bereken finansiële behoeftes
- Bepaal personeelstruktuur en personeelbehoeftes
- Skep 'n organisatoriese struktuur en delegeer funksies, gesag en verantwoordelikhede
- Analise en deurlopende hersiening van prosedures
- Ontwerp plan vir algemene beheer en prestasievlakke vir individuele amptenare (6 × 2) (12)

4.2
- Openbare instellings daargestel om in die behoeftes en eise van die gemeenskap te voorsien.
- Fondse deur die parlement beskikbaar gestel is openbare fondse.
- Die mens is aan baie versoekinge blootgestel.
- Moet geldigheid en wettigheid van aksies verseker.
- Moet toesien dat doelwitte gehandhaaf word. (5 × 2) (10)

4.3
- Die uitvoerende gesag het 'n konstitusionele verpligting om alle nasionale wetgewing te implementeer.
- Die nasionale regering het die mag om in te gryp wanneer 'n provinsie nie sy verpligtinge ingevolge wetgewing nakom of kan nakom nie.
- Die nasionale regering kan ingryp deur enige toepaslike stappe te doen.
- Hierdie stappe sluit in die uitreiking van 'n direktief wat die nodige stappe aandui om sy verpligting na te kom, of die aanvaarding van verantwoordelikheid vir die betrokke verpligting.
- Die kennisgewing van intervensie moet binne 14 dae van sy eerste sitting nadat die intervensie begin het, by die NRP ter tafel gelê word.
- Die kennisgewing moet vergesel wees van 'n memorandum wat die redes vir die intervensie verduidelik. (Enige 5 × 2) (10)

4.4
- Howe het die gesag en die reg om die wettigheid en geldigheid van openbare instellings se optrede te ondersoek.
- 'n Veronregte burger mag 'n siviele saak aanhangig maak indien sy regte geskend is.
- Verhore is oop vir die publiek.
- Howe kan slegs die skuldige party uitwys, hulle kan nie gedrag korrigeer nie. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 5

5.1 5.1.1
- Die regering moet sorg dat alle burgers van noodsaaklike gesondheidsorg voorsien word.
- Die reg op gesondheidsorg word in die Konstitusie gestipuleer.
- Voorbeelde van gesondheidsorgdienste is hospitale, klinieke, apteke, ens.
- Geboue moet opgerig word vir hospitale en klinieke.
- Gesondheidsorgpraktisyns word ook benodig.
- Die praktisyns word deur die HPCSA gereguleer. (Enige 3 × 2) (6)

5.1.2
- Toesighouers onderhandel met verteenwoordigers van ander instellings.
- Toesighouers moet opgelei en ontwikkel word om onderhandelinge te hanteer.
- Die toesighouer se onderhandelingsvaardighede kan getoets word, nie slegs in die proses van aanbodskepping en aanvaarding daarvan nie, maar ook by roetinekontrakte met aankopers, kliënte en leners.
- Onderhandelinge kan betrekking hê op finansiële behoeftes, menslike hulpbronne of aankope.
- Onderhandelinge bevat baie taktieke en probleemoplossing wat voordelige resultate vir albei partye kan inhou. (6)

Kopiereg voorbehou

5.1.3
- Openbare bestuur is nodig om die verloop van gebeure in die instelling te fasiliteer.
- Geen instelling kan bestaan sonder die teenwoordigheid van die sewe generiese funksies nie.
- Hoe hoër 'n amptenaar bevorder word, hoe meer gespesialiseerd word sy werk, wat beteken dat elke generiese administratiewe funksie ook 'n bestuursdimensie het. (3 × 2) (6)

5.1.4 Vermoë om te:
- beplan
- organiseer
- kommunikeer
- inspireer
- koördineer
- beheer (6 × 2) (12)

5.2
- Hersiening of monitering deur onderskeidelik die nasionale en provinsiale regering en munisipaliteite.
- Die munisipale raad moet die mate waarin hy nie sy verpligtinge nagekom het nie, beskryf.
- Indien daar nie aan 'n direktief voldoen is nie moet die raad verantwoordelikheid vir die betrokke verpligting aanvaar.
- Die uitvoerende gesag moet 'n skriftelike kennisgewing van die intervensie voorlê aan die minister wat vir die plaaslike regering verantwoordelik is.
- Die NRP moet binne 30 dae ná die eerste sitting van die NRP nadat die intervensie begin het, die aanvaarding van verantwoordelikheid hersien.
- Na goedkeuring moet die NRP die intervensie op 'n gereelde basis hersien. (Enige 5 × 2) (10)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou